

**Woensdag 24 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 11:1-18**

**Fokusgedeelte: Handeling 11:17, 18**

**Ons mag God nie probeer verhinder om heidene tot inkeer en die ewige lewe te bring nie**

**S**onder die nodige insig, reageer gelowiges in Jerusalem negatief op dit wat Petrus gedoen het. Van sy kant af het Petrus vermoed dat daar besware sou wees. Daarom het hy ses broeders as getuies saamgeneem.

In die gemeentevergadering is hy heftig daarvan beskuldig dat hy ongeoorloofde dinge gedoen het. In die huis van onbesnede mans het hy saam met hulle geëet, homself besoedel. Die eintlike hoofsaak, naamlik dat die heidene tot geloof in Christus gekom het, die werking van die Heilige Gees ondervind het en gedoop is, het by hulle verbygegaan.

Nadat die beskuldigers uitgepraat is, het Petrus oortuigend die hele verloop verduidelik. Hy was besig om te bid. In 'n geesvervoering het hy 'n gesig van rein en onrein diere gesien. Hy het eers negatief op die stem uit die hemel gereageer. Hy het God se bevel om te slag en te eet, verhinder. Wat God rein gemaak het, het hy onheilig geag.

Terwyl Petrus hierdie gesig verwerk het, het drie mans van Sesarea dieselfde tyd by die huis se deur opgedaag. Die Gees het gesê hy moenie twyfel om saam met hulle te gaan nie. Dit is merkwaardig dat God van beide kante af werksaam was om die ontmoeting by Kornelius te laat plaasvind.

Petrus getuig verder dat hy skaars met die mense by Kornelius begin praat het toe die Heilige Gees op almal neergedaal het. Die ses broeders kon saam hiervan getuig. Petrus het tereg gevra hoe hy kon probeer verhinder het dat God aan heidene dieselfde gawes gee.

Toe die gemeentevergadering dit hoor, was hulle tevrede. Hulle het tot nuwe insigte gekom. God is geprys dat Hy ook aan heidene die bekering tot die ewige lewe gee.

Sonder insig in die ewige raadsplan van God verhinder ons soms wat Hy van ons verwag.

*Sing: Psalm 22-1:11, 12*

*Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)*